

Ontmoeting 2: Dissipel kaarte

Maak 'n stel dissipelkaarte (druk die teks en prentjies aan weerskante van een bladsy en knip dan uit). Druk dit in kleur of swart-en-wit om self in te kleur.

Druk ten minste nog een stel kaarte, of een stel vir elke gesinslid as julle wil. Die ekstra stelle hoef slegs die prentjies te wees - julle kan dit gebruik om "Snap" te speel.

Jesus

Klein-Jakobus

Hy word soms Jakobus die minste genoem.

Dalk was hy jonk of skaam of klein.

Mark 15:40

Daar is nog 'ndissipel wat ook Jakobus genoem word.

Bartolomeus / Natanael

Hy word Natanael of Bartolomeus genoem.

Jesus was beïndruk met sy geloof en eerlikheid.

Hy was onder 'n vyeboom toe Filippus hom kom roep het.

Hy het van Kana in Galilea gekom.

Bartolomeus beteken "seun van 'n saaiër of boer".

Matteus / Levi

Hy was 'n belastinggaarder (tollenaar).

Sy pa se naam is Alfeus.

Jesus het by sy huis kom eet.

Daar is 'n Evangelie met sy naam.

Filippus

Toe Jesus sê: "Volg My", het Hy Jesus gevolg en toe vir Natanael ook gaan roep.

Hy kom van Betsaida. Sy naam beteken "hy is lief vir perde".

Hy het gedink dis onmoontlik duur om 5000 mense kos te gee.

Hy het by die laaste avondmaal gevra dat Jesus vir hulle die Vader wys.

Simon Petrus

Hy is Andreas se broer. Hulle was die eerste 2 mans vir wie Jesus geroep het om sy dissipels te wees.

Sy naam beteken "rots". Jesus het hom ook Sefas genoem.

Hy was een van die vier dissipels wat die naaste aan Jesus was.

Sy pa se naam was Johannes.

Hy het op water geloop. Hy het Jesus drie keer verloën.

Hy het Malgus se oor afgekap in Getsemane.

Jakobus

Johannes is sy broer. Hulle is bekend as die "Seuns van die donder".

Sy pa is Sebedeus. Hy en sy broer was vissermanne saam met hulle pavoordat Jesus hulle geroep het.

Hy wou graag aan Jesus se regterkant sit.

Hy was een van die vier dissipels wat die naaste aan Jesus was.

Simon die Seloot

Hy het van Galilea af gekom. Hy is ook Simon die Kananeër genoem.

Hy is bekend as Simon die Seloot: hy was 'n politieke kampvegter teendie Romeine.

Hy was die mees aggressiewe dissipel.

Johannes

Hy is Jakobus se broer. Hulle is bekend as die "Seuns van die donder".

Sy pa is Sebedeus. Hy en sy broer was vissermanne saam met hulle pa voordat Jesus hulle geroep het. Hy wou graag aan Jesus se regterkant sit.

Hy was een van die vier dissipels wat die naaste aan Jesus was.

Hy was Jesus se geliefde dissipel. Hy het baie oud geword en briewe aan die vroeë kerk geskryf.

Andreas

Andreas was 'n volgeling van Johannes die Doper.

Hy was 'n visserman.

Simon Petrus was sy broer.

Dis hy wat die seuntjie met 5 broodjies en 2 vissies na Jesus toe gebring het.

Hy was een van die vier dissipels wat die naaste aan Jesus was.

(Judas) Taddeus

Sy naam Taddeus beteken "dapper hart".

Sommige noem hom Judas seun van Jakobus.

Tomas / Didimus

Hy het gesê dat Hy nie sal glo dat Jesus leef voordat hy nie sy vingers in die merke van die spykers kan sit nie.

(Hy het getwyfel of Jesus self uit die dood opgestaan het en wou self die merke aan sy hande en voete sien.)



